



Nuusbrief

Februarie 2017

Vandag se Nuusbrief het nie 'n opskrif nie, want my hart is swaar en seer en kan ek nie besluit hoe om regtig die nuusbrief te begin nie.



Die onregverdigheid van die lewe slaan my vandag net vierkantig in die oë en kry ek swaar wanneer ek na die kinders in kinderhuise kyk en wonder waarom die lewe so verskriklik onregverdig kan wees. Jy het gekies om 'n ouer te wees, onthou jy dalk nog jou kind???

Kinders word verwyder uit baie slegte omstandighede, party word sommer net iewers opgetel waar hulle gelos of rondgedwaal het! My mamma hart sal en kan dit nooit ooit verstaan nie!

Ons maatskaplike werkers werk ongelooflik hard, probeer hulle hul bes om gesinne nog bymekaar te hou, gee hulle Ouerskap opleiding om ouers te probeer help, maar tog slaag dit nie. Kinders word verwyder, die gelukkiges kry pleegouers of 'n hartsamma of pappa wat hul aanneem, ander beland in die sisteem en word kinderhuis kinders. Dan kom die Staat met reëls en regulasies maar ongelukkig sukkel huise, want subsidies word nie oorbetaal nie! Vir maande en maande moet ons mense baklei vir wat die kinders toekom, maar nogsteeds niks! Die gevolg, huise maak toe!!! Huise kan net nie meer nie survive nie!

In die Umephi projek het dit 'n realiteit geword, huise kan net nie meer survive nie. Gelukkig vir ons huis en die ander huise in Doxa, het ons nog 'n ondersteuningsnetwerk en moes die kerk ons al vir maande dra, maar langer kan hulle ook nie meer nie! Ons het op die stadium mense/maatskappye nodig wat bereid is om langtermyn 'n pad te kan stap met 'n kind en finansieël betrokke te raak.

Ons is 'n geregistreerde NPO met die nodige nommers en aangesien ons in die hele Umephi projek, 82% swart is, kan ons ook die betrokke maatskappy voorsien van 'n BEE sertifikaat. 'n Artikel 18A kan ook uitgereik word wat help met belasting.

Ek wil julle sommer bietjie meer vertel van elke kind in ons huis en jy kan vandag besluit of jy dalk by 'n kind wil betrokke raak op 'n finansiële wyse. Ek is bereid om gereeld vir jou 'n verslaggie te stuur om bietjie meer te vertel oor die kind en hoe dit met hom/haar gaan. Hierdie belegging het ewigheidswaarde en kan jy help om Ki-Deo onafhanklik te maak en te help dat ons deure kan oopbly vir hierdie baie spesiale kinders. Om Ki-Deo maandeliks te finansier beloop ongeveer R55 000 – R60 000.

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo

Ons Kinders



Seuntjie 8jr oud: Hierdie liefiekind is nou ongeveer 8 maande by ons en het hy handomkeer verander. Die skaam, teruggetrokke seuntjie met dooie ogies, loop deesdae rond met 'n groot glimlag van oor tot oor, sal hy gereeld kom vra vir 'n drukkie en is dit net amazing om te kan sien hoe gelukkig hy is, hoe hy ontwikkel, homself ontdek en weer begin lewe het! Hy was nooit voorheen in 'n skool nie en het hy eers middel verlede jaar begin met graad R en was ons genoodsaak om hom die jaar in 'n privaatskool te sit waar slegs 10 maatjies is, sodat hy individuele aandag kan kry en maksimaal kan ontwikkel en nie sal wegraak in die groter groep nie. Hy het soveel agterstande omrede hy nooit in die skool was nie, maar haal mooi in. Dit beteken ekstra finansiële uitgawes, want dit is 'n privaatskool en betaal ons ekstra vir elke buitemuurse aktiwiteit en die skoolfonds. Hy is erg hiperaktief en op medikasie wat nog 'n finansiële verpligting is. Daarom is dit noodsaaklik dat hy ekstra aktiwiteite doen om bietjie ontslae te kan raak van al die opgehoopte energie! Hy is die mooiste seuntjie met die mooiste ogies en breedste glimlag. As ek na hom kyk, besef ek net hoe 'n groot God ons dien, die herstel in hierdie liefiekind is amazing, sal hy beslis later moet gaan vir terapie, maar nou speel hy net lekker en geniet elke dag en is daar geen vrese of angstigheid om te wonder of daar more nog kos gaan wees nie.



Dogtertjie 9jr oud: Hierdie is nou miss Chatterbox! Sy is altyd so opgewonde, bly oor alles. Die dag toe hulle haar verwyder het, het ek die boodskap gekry dat hulle haar summier, somer by die skool verwyder. Ek was hoendervleis en kon ek nie help om emosioneel te voel nie, want ek het geweet dat die omstandighede dan bitter sleg moet wees. In die amper 3jr wat sy by ons is, het sy by tye maar deur 'n geweldige dip gegaan, was sy bekommerd oor haar ouers maar het daar die jaar 'n besondere volwassenheid by haar ingeskop wat my stom verbaas laat. Die manier waarop sy redeneer, haar insig, die seer waarmee sy uitkom en die gelatenheid om te aanvaar! Die gelukkigheid om te kan sê, tannie ek is so bly dat ek by julle kan bly want ek weet dat ek nou veilig is en elke dag kos kan hê, en somtyds kom al die seer stories uit, wat my op my tande laat byt, want hoe onregverdig is die lewe nie! Hierdie ou dogtertjie het 'n baie spesiale plekkie in my hart vir die fightertjie wat sy is, haar insig en wysheid vir haar ouderdom, die glimlag wat elke dag deel is van haar, die dankbaarheid vir dit wat sy nou het, nog net 'n klein ou mense wat nie altyd verstaan nie, maar 'n mense wat uitstaan met boldness en die gekoesterde lewe geniet. Die seer en die waarom's kom nog baie dae uit, maar is dit net verstommend hoe sy redeneer en kan praat daaroor! Miss Chatterbox, jy is beslis 'n baie kosbare geskenkie van Jesus!



Dogter 13jr oud: Hierdie mooie meisiekind moes deur soveel dinge werk en kan ek haar partye dae net dophou en wonder, hoe doen jy dit?? Na alles wat met jou gebeur het, word jy 'n leier, vorder jy so goed akademies, baklei jy so hard terug. Die bokkie ogies waarin die seer party dae nog bloot lê, die traantjies wat loop wanneer sy haar slegte daggie kry en in jou arms inloop! As ek aan haar geval dink, was moord nog altyd 'n opsie, want ek sou mense wou vermoor vir wat hulle aan haar gedoen het, maar ons dien 'n God wat nie sluimer of slaap nie! Geregtigheid sal geskied en kan ek net aanhou bid vir haar. Op die stadium kan en wil ek nie bid vir die mense wat in haar lewe was en skade veroorsaak het nie, my hart is

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo

nog te seer vir haar! Maar het hierdie meisiekind het soveel boldness, is sy 'n regte fightertjie, groei sy, vorder sy en weet ek dat deur genade sy heel anderkant sal uitkom, dit gaan nog maar nog 'n rukkie neem!



Dogter 14jr oud: Hierdie is die kleinste mensie met die grootste hart. Sy was maar 5jr oud toe sy as 'n baie stukkende mensie by ons geplaas was. Die eerste jaar was 'n baie moeilike jaar, het sy nagmerries gehad en niemand vertrou nie. Ek onthou nog hoe my dogter by haar in die kamer geslaap het sommige nagte of ander kere wanneer 'n baie bang dogtertjie langs my bed gestaan het, ogies vol tranes en vrees! Dan het ek maar die kombers opgelig en het die klein mensie het ingeklim en verder saam met my geslaap. Die eerste dag van skool, toe ons 'n baie hartseer en onsekere dogtertjie moes gaan afgee het, my hart wou in stukke breek! As ek vandag terugkyk, kan ek net Jesus dank vir die wonderlike genesingswerk wat Hy in haar lewe gedoen het. Sy staan uit, het soveel selfvertroue, is ongelooflik gewild, was 'n leier, het al vele toekennings gekry! Sy het die mooiste persoonlikheid maar verbaas sy met net al hoe meer met haar insig, wysheid en volwassenheid. Sy is die mooiste meisiekind met die mooiste ogies en hoe dankbaar is ek vir 'n gesonde dogtertjie met soveel deursettingsvermoë, 'n liefhart en 'n fightertjie! Sy het vir almal gewys dat jy wel heel anderkant kan uitkom, maak nie saak wat jou omstandighede was nie!



Dogter 14jr oud: Hierdie mensie is 'n ongelooflike onsekere dogtertjie met soveel vrees, sukkel sy met soveel dinge in die lewe, maar probeer sy so hard. Maar wanneer sy 'n slegte dag beleef, wil en gee sy net op! Sy is 'n geweldige fyn besnaarde mensie en kom dinge nie maklik vir haar nie. Ons moet baie positief spreek en haar altyd vertel hoe mooi sy is, en sy IS pragtig met die mooiste ogies en die fynste neusie, sportief en wanneer dinge beter gaan, openbaar sy soveel boldness en pak sy die stryd manhaftig aan! Op die stadium is daar amper ewe veel goeie as slegte dae, sy is nou maar op die stadium waar daar soveel vrees is en bitter min antwoorde. Maar is dit 'n kind met 'n hart vir ander, wil sy altyd soveel liefde gee en is sy die een wat altyd vir my koffie aandra, sy is 'n regte dienertjie en wil almal om haar net altyd gelukkig hou en wanneer sy iets vir jou kan doen, is sy op haar gelukkigste!



Dogter 15jr oud: Hierdie ongelooflike meisiekind is al van graad 2 af by ons, sy was ons giggle queen maar ook die een wat seker die meeste tantrums gegooi het! :) Sy het ontwikkel in 'n stunning meisiekind op wie ons verskriklik trots is! Sy het geleer om dinge te aanvaar, is sy gelukkig in haarself, gesond en weet sy wat sy in die lewe wil hê. Sy was ook 'n leier, lief sy haar sport en is 'n baie gewilde en borrelende mensie. Propvol tergen en lewenslus! Sy is die enetjie wat naweke om sal sit en leer, sy dryf haarself altyd baie hard want sy wil elke geleentheid benut en die beste maak daarvan. Sy is die enetjie wat die bouse ketting gebreek het, het sy soveel ambisie en kyk net vorentoe in die lewe. Wat 'n ongelooflike sterk meisiekind maar is my hart baie seer want sy gaan einde Junie in pleegsorg en haar plekkie gaan beslis baie leeg wees. Sy kry wonderlike nuwe hartsouers wat vir haar ongelooflike geleenthede kan gee wat ons nie kan doen nie, en is ons baie bly vir haar, maar hierdie moederhart is baie seer, maar is dit gelukkig nie totsiens nie en sal sy altyd deel van die Ki-Deo familie bly en het hulle belowe dat sy nog sal kan kom kuier. Haar Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo

plekkie sal nooit gevul kan word nie, maar gee dit 'n volgende kindjie geleentheid om deel van die Ki-Deo familie te word.



Dogter 15jr oud: Hierdie meisiekind moes van 'n bitter klein ouderdom af, mamma speel vir haar boetie en sussie en is hulle verwyder uit baie slegte omstandighede. Sy moes te vroeg in haar lewe leer om verantwoordelikheid te neem vir ander, en was die aanpassing na Ki-Deo eintlik baie moeilik. Sy wou nog mamma wees en kon nie lekker inpas in die rol van dogtertjie nie, sy kon eenvoudig net nie "let go" nie. Deur die jare was daar baie issues maar het hierdie meisiekind 'n besluit in haar lewe gemaak en kon sy die ommedraai doen, is sy nou 'n volwaardige tiener maar iemand wat nou weer kan rondloop met 'n glimlag. Het sy die regte keuses in haar lewe gemaak en is ek so trots op haar. Sy kom 'n ver pad, 'n moeilike pad, maar sy is 'n absolute wenner wat alles insit! Sy sê dat sy goed voel en dat dit vir haar lekker is om weer te kan glimlag, waardeer sy alles so baie, besef sy dat sy super spesiaal is want daar is niemand anders soos sy nie. Sy is media leier al vir 2jr en wil ook net altyd help en iets beteken vir iemand anders. Sy werk ongelooflik hard en gee net nooit moed op nie, wat 'n stunning kind, iemand wat mens net kan admireer!



Seun 17jr oud: Hierdie baie spesiale "seuntjie" is deur erge trauma in sy lewe en het hy breinskade opgedoen a.g.v. omstandighede by sy ouerhuis. Vandag het hy soveel boldness, geniet hy sy skool, is ongelooflik goed met rekenaars en is sy grootste passie wilde diere. Wanneer jy vir hom vra hoe dit gaan, is dit altyd, gesond, geseënd en gelukkig! Dit is sy motto maar is dit ook wie hy is. As iemand siek is, sal hy altyd vir die persoon bid, hy het so 'n passie vir ander en kan ons altyd soveel by hom leer! Hy is nooit negatief nie, solank hy net kan swaai en kan google op sy rekenaar of musiek kan luister. Hierdie is 'n baie spesiale seuntjie wat al soveel mense se lewens op verskillende manier aangeraak het!



Seun 17jr oud: Ons langeraat in die huis, net so oor die 1.9m lank! Wat 'n ongelooflike stunning seun, ons gentle reus, ons sportman maar ook sy "ma en pa" se skaduwee! Ten spyte van tiener wees en alles wat hy al aangevang het, het die draai gekom en het hy ontpop in 'n ongelooflike sterk en positiewe mens, is gemotiveerd en presteer baie goed. Hy is so trots op homself vir die goeie punte wat hy nou kry, het hy 'n beter perspektief oor die lewe en sit hy alles in. Sy grootste vrees is dat ons iewers sal verdwyn en hy nie gaan weet waar ons is nie. Hy is die een wat soos 'n stertjie agter Hein aan is, hom help met alles en is hy altyd so besorg oor sy "ma" en is niks vir hom ooit te veel moeite wanneer ons hom nader vir hulp nie. 'n Mooie seun met die mooiste maniere, ek kan net trots wees op hom!



Seun 18jr oud: Hierdie ene is nou 'n charmer, die meisiekinders is dol oor hom! Hy het die mooiste blou oë en 'n sagte hart. Hy is ook maar altyd om ons en beslis ook die gentleman wat altyd help waar hy kan. Wanneer ons iewers moet gaan sonder Hein, is hy die een wat sy ma mooi oppas, beslis goeie troumateriaal! ☺ Hy is die jaar matriek en wil hy graag Sportbestuur by ETA gaan swot. Dit was wonderlike jare saam met hom in die huis en trek my keel behoorlik toe oor volgende jaar. Hy het gegroei, letterlik en figuurlik, maar kon hy deur

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za


www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo

dinge werk en soveel sterker anderkant uitkom. Hy is ons sportman wat nooit 'n krieket of rugbywedstryd mis nie en doen hy baie goed met sy atletiek en hokkie. 'n Ware omgee kind, werk hy hard en doen hy sy beste. Op die stadium moet ons nou begin met sy aansoek om 'n beurs asook sy inskrywing by ETA en sien hy vreeslik uit na volgende jaar, maar is die onsekerheid en die vrese ook maar daar. Maar hy is 'n wenner, en weet ek dat hy goed gaan doen.



Dogter 19jr oud: Hierdie is nou ons Fiela kind. Die laaste een van die eerste groep! Sy was net 'n bos hare, groot oë en dun beentjies. Hierdie meisiekind ken nie die woord opgee nie! Sy byt vas, druk deur en is 'n ware staatmaker en wenner! Sy het verlede jaar matriek geskryf en is tans by Centurion Akademie waar sy Haarversorging studeer. Sy is regtig goed met hare en het 'n natuurlike aanslag en haar punte lyk reeds baie goed. Sy het 'n borrelende en minsame persoonlikheid wat mense dadelik van haar laat hou! Niks is ooit te veel vir haar nie en is sy altyd daar vir almal, is sy my staatmaker en my regterhand in die huis. Ten spyte van soveel dinge wat al in haar lewe gebeur het, druk sy deur, bly sy positief en gee sy nooit moed op nie. 'n Ongelooflike mensie met 'n hart van goud, gee net vir haar 'n crunchie, dan is sy gelukkig! :)



Dankie dat ek my wonderlike hartskinders se stories met julle kon deel en kan julle ook nou verstaan waarom ek so vir hulle baklei en waarom ek so verskriklik baie lief is vir hulle! Hulle is awesome kids, net die beste! Ons het ook maar ons ups en downs, maar is ons eintlik net 'n lekker lawwe familie wat hou van lag en saamkuier!

Raak betrokke en help ons om Ki-Deo se deur oop te hou, help ons om vir ons kinders 'n toekoms te verseker en geleenthede te gee wat hulle andersins nooit sou kon gehad het nie! Hierdie kinders werk so hard en is dit altyd die moeite werd om vir hulle te baklei! Help ons om finansieël onafhanklik te wees van die Staat vir subsidies, sodat indien ons die dag weer subsidies kry, dit 'n bonus sal wees.

Kontak my asb, sou jy enige verdere inligting of besonderhede wil hê.

Groete

Theresa

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo